**Ek is die opstanding en die lewe (OP229)**

**Joh 11:1-44**

**24 Augustus 2025**

Laasweek het ons gesien hoe die Jode by die Here Jesus aangedring het dat Hy reguit vir hulle moet sê of Hy die Christus is. Sy antwoord was dat Sy dade juis hiervan getuig het, maar hulle het dit nie geglo nie. Sy skape, daarenteen, glo dit wel, en die gevolg is dat Hy en die Vader Sy skape in Hulle hande hou, sodat hulle nooit verlore sal gaan nie. Die feit dat Hy én die Vader die skape in Hulle hande hou, getuig daarvan dat Hy en die Vader een is. Dit het die Jode nog meer ontstel, soveel so dat hulle Hom wou stenig. Hulle kon nie aanvaar dat Hy ook God is, soos die Vader nie. En tog is dit hoe die Bybel oor die Here Jesus getuig: Hy is funksioneel een met die Vader, m.a.w. hulle werk saam aan die uitvoering van God se plan. Maar hulle is ook een in Wese – beide die Seun en die Vader is God. Hulle is egter wel onderskeibaar van mekaar in die sin dat Hulle onderskeibare Persone is met elkeen 'n eie rol.

Vandag wil ek na die eerste gedeelte van Joh 11 kyk – hierdie gedeelte handel oor die opwekking uit die dood van Lasarus. Hierdie is die sewende wonderteken wat Johannes in sy evangelie beskryf, en dit is ook die laaste een wat hy beskryf. Dit is ook opvallend dat net Johannes hierdie wonderteken beskryf – nie een van die sinoptiese evangelies beskryf dit nie. Siende dat hierdie die sewende en laaste wonderteken in die Johannes-evangelie is, kan ons verwag dat hier 'n hoogtepunt bereik sal word. Ek wil Joh 11:1-44 onder die volgende vier hoofpunte oordink: (1) Voortdurende herinnering aan die dood (Joh 11:1-16), (2) Die harde werklikheid van die dood (Joh 11:17-32), (3) Die Here Jesus se emosie oor die dood (Joh 11:33-44), en (4) "Ek is die opstanding en die lewe" (Joh 11:24-26).

<u>Voortdurende herinnering aan die dood (Joh 11:1-16)</u>

Lees Joh 11:1-16. In hierdie gedeelte lees ons van twee susters en hulle broer. Die twee susters is Martha en Maria, en hulle broer is Lasarus. Uit vers 5 is dit duidelik dat die Here Jesus lief was vir hulle aldrie. Uit vers 2 leer ons dat dit Maria was wat die Here Jesus met olie gesalf het, en Sy voete met haar hare afgedroog het. In vers 3 word Lasarus beskryf as die een vir wie die Here Jesus lief was. Dit is duidelik: hulle was lief vir die Here Jesus, en Hy was lief vir hulle. Hulle het in Betanië gewoon, ongeveer 3 km vanaf Jerusalem, dus in Judea.

Lasarus het siek geword. Ons kan aflei dit was 'n ernstige siekte – en gevolglik was sy susters oor hom bekommerd. Hulle het iemand na die Here Jesus gestuur om Hom in te lig van Lasarus se siekte (v3). Die Here Jesus se reaksie op die boodskap is ietwat verstommend. Hy het gesê: "Hierdie siekte lei nie tot die dood nie, maar tot die verheerliking van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word" (v4). Die Here Jesus gee die versekering die siekte sal nie in Lasarus se dood eindig nie, maar lei tot die verheerliking van God en ook van die Seun. Sy reaksie is verstommend, want ons weet Lasarus het wel gesterf. En boonop het die Here Jesus toe nog twee dae lank vertoef waar ookal Hy op daardie stadium was, en dit was eers na die twee dae dat Hy vir Sy dissipels gesê het hulle moet teruggaan na Judea toe, met die doel om Lasarus te gaan besoek (v6-7). In verse 11-14 verduidelik die Here Jesus aan Sy dissipels hoekom Hy nou wel na Judea toe wil gaan – want Lasarus slaap, en Hy wil hom gaan wakker maak. Sy dissipels het gedink Hy praat van fisiese slaap, maar dan sê Hy reguit vir hulle Hy bedoel nie fisiese slaap nie, nee, Lasarus het intussen gesterf. En Hy wil nou gaan, sodat Sy dissipels kan glo – weereens is dit duidelik hier is 'n groter doel met al die gebeure – op een of ander manier gaan dit lei tot die verheerliking van God en die Seun, asook tot geloof by die dissipels. Die punt wat ek dink ons ook nou moet raaksien is dat Lasarus se siekte vir Martha en Maria en Lasarus herinner het aan die realiteit van die dood. Ja, Lasarus is aanvanklik net

siek, maar dit is ernstig – en hulle aldrie verstaan dit kan lei tot die dood. Boonop word die dissipels van die Here Jesus ook herinner aan die werklikheid van die dood – veral toe hulle hoor Lasarus het wel intussen gesterf.

Boonop, toe die dissipels gehoor het die Here Jesus wil teruggaan Judea toe, het hulle Hom daaraan herinner hoe die Jode Hom wou stenig toe Hy laas daar was (v8, Joh 10:31). Maar die Here Jesus het verduidelik daar is werk wat Hy moet doen solank daar nog tyd is. In vers 16 sê Thomas vir die ander dissipels: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf" – hy het verstaan daar is 'n werklike kans dat hulle dalk in Judea saam met die Here Jesus gaan sterf. Weereens is hulle herinner aan die werklikheid van die dood.

Geliefdes, en dit is ook waar van ons. Ons word ook voortdurend herinner aan die werklikheid van die dood. Dink maar aan gevalle waar jyself of van jou dierbares siek word – dan wil ons direk weet: Is dit ernstig? Bedreig dit my of my dierbare se lewe? Of dink aan die nuusgebeure van die dag – dit is gevul met insidente waar mense doodgaan – weens geweld of oorlog of honger of natuurrampe of wat ook al. Of dink net aan die proses van oud word – met verloop van tyd bereik jy die punt in jou lewe waar jy moet afskaal, jy trek na 'n kleiner woonplek, jy raak van goed ontslae, jy word fisies swakker – en onwillekeurig word jy daaraan herinner die dag gaan kom dat jy ook gaan sterf. Ek dink baie keer aan daardie uitdrukking wat in die gebed van die Gereformeerde Kerk se doopsformulier staan: die lewe is niks anders as 'n gestadigde dood nie. Die punt is: die dood is 'n werklikheid, en gedurende jou lewe hier op aarde word jy voortdurend herinner aan hierdie werklikheid, en ook aan die feit dat jy persoonlik dit ook nie gaan ontsnap nie – selfs nie al is jy 'n geliefde van die Here Jesus nie, soos wat Lasarus was.

<u>Harde werklikheid van die dood (Joh 11:17-32)</u>

Lees Joh 11:17-32. Lasarus is dood. Teen die tyd dat die Here Jesus in Betanië opdaag, is hy alreeds dood, en hy is alreeds vier dae tevore begrawe. Die dood is 'n werklikheid – Lasarus is dood. Die dood is swaar, en dit bring baie hartseer vir die geliefdes wat agterbly. Ons as mense verstaan dit maar te goed. Ons sien dit ook hier: Al is dit alreeds vier dae na die begrafnis, lees ons nog steeds dat baie van die Jode, waarskynlik afkomstig van Jerusalem, gekom het om Martha en Maria te troos.

Toe Martha hoor dat die Here Jesus gekom het en bykans by hulle huis is, het sy Hom tegemoet gegaan. Haar openingstelling aan die Here Jesus was: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Hartseer woorde van 'n diep bedroefde suster: "As U hier was...". Ja, toe Lasarus nog geleef het, toe was daar nog hoop. As U tog maar toe gekom het, dan sou U tog iets kon doen – hom kon gesond maak. Maar nou is dit te laat – hy is dood. Die dood het gewen. Nou is daar niks aan te doen nie. Lasarus is dood.

Ja, sy weet dat God vir die Here Jesus sal gee wat Hy ookal van Sy Vader vra. En as die Here Jesus vir haar sê haar broer sal opstaan, dan erken sy sy weet hy sal op die laaste dag opstaan (v22-24). Maar ons kan nie ander nie as om haar hartseer aan te voel nie. Dit is asof sy wil sê: "Ja, Here, hy sal opstaan – maar dit is eendag – wie weet wanneer dit sal wees. Maar nou is Lasarus dood. Ek was lief vir hom, maar nou is hy nie meer hier nie. Hy is dood!"

In verse 25-26 bemoedig die Here Jesus Martha met 'n ryk, inhoudvolle troos. Ek weet nie hoeveel Martha op daardie stadium hiervan verstaan het nie. Ek is egter ook oortuig dat die res van die gebeure wel die inhoud van hierdie troos prakties en konkreet verduidelik. Kom ons kyk eers na die verdere gebeure, en dan kom ons terug na hierdie troos van die Here Jesus.

In ver 28 lees ons dat Martha hierna vir Maria gaan roep het. Toe Maria hoor dat die Here Jesus gekom het en dat Hy haar roep, het sy haastig opgestaan en na Hom gegaan (v29). In vers 32 lees ons dat toe sy by die Here Jesus gekom het, het sy by Sy voete neergeval en dieselfde vir Hom gesê as wat Martha vantevore gesê het: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie". Ons sien weer dieselfde gevoel van hopeloosheid: Toe hy nog geleef het, kon U iets gedoen het – maar nou is hy dood. Nou is dit verby. Dit is te laat. Lasarus is dood.

Die Joodse roubeklaers het opgemerk Maria gaan uit die huis. Hulle het direk gedink sy gaan na die graf toe – om daar te huil. Dit is tog al wat oorbly om te doen – om te huil, want Lasarus is dood. En dan volg die Jode haar – sodat hulle saam met haar kan gaan huil. Dit is die beste wat hulle vir haar kan doen – om saam met haar te gaan huil by Lasarus se graf. Die harde werklikheid is: die dood is finaal, hartverskeurend hartseer, en al wat oorbly om te doen is om te huil.

Is dit nie ook hoe ons die dood van 'n geliefde beleef nie? Die een oomblik is my geliefde nog hier, en daar is nog hoop. En dan sterf hy. En skielik is hy weg. Hy is finaal weg. En ek bly alleen agter. Al wat ek het, is herinneringe. En ongelooflike hartseer. En ek huil. En al wat ander kan doen is om saam met my te huil. Dis die harde werklikheid van die dood.

<u>Die Here Jesus se emosie oor die dood (Joh 11:33-44)</u>

Lees Joh 11:33-44. In v33 lees ons dat die Here Jesus Maria sien huil het, asook die Jode wat saam met haar gekom het. En dan volg daarop dat dit die Here Jesus geweldig ontstel het, en Hy het diep bewoë geword – dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal het. As jy dalk die 1983 NAV lees, sal jy sien daar staan: Sy gemoed het vol geskied en Hy was aangedaan. Dit is ongelukkig 'n swak vertaling en reflekteer nie wat die oorspronklike Grieks wil uitlig nie. Die DAV is beter: Hy was geweldig ontstel en diep bewoë. Die 1953 OAV sê: Hy was geweldig bewoë in Sy gees en het Hom ontstel. Die ESV sê: He was deeply moved and greatly troubled. Hy was nie net aangedaan deur almal wat huil nie. Hy was ontsteld. Hy was diep bewoë. Mark Johnston skryf: He was indignant and angry. Tasker skryf in sy kommentaar: He groaned in His spirit and was troubled. He was enraged in His spirit and troubled Himself. Ja, dit is so dat ons in vers 35 lees dat die Here Jesus gehuil het. Maar Hy het baie dieper emosies beleef as net hartseer en daarom aangedaan. Hy was ontsteld, Hy was geweldig ontsteld. Hy was selfs kwaad.

Kom ons spring na vers 38. Hier lees ons weer dat die Here Jesus opnuut hewig ontsteld, na die graf gegaan het. Vers 39 beskryf Hy het gesê: "Vat die klip weg" – dit was natuurlik die klip wat voor die opening van die graf gerol was. Martha het beswaar gemaak – immers dit was al die vierde dag dat Lasarus se liggaam in die graf was, ontbinding van sy liggaam moes al begin het en dit sou veroorsaak het dat daar 'n doodsreuk was as hulle die graf sou oopmaak. Jesus antwoord haar, oënskynlik verontwaardig: "Het Ek dan nie vir jou gesê dat as jy glo, jy die heerlikheid van God sal sien nie?" Hy is ontsteld oor almal wat so huil. Hy is op die punt om iets groots te verrig, en dan is dit Martha wat Hom probeer keer – daarom is Hy verontwaardig.

En dan bid die Here Jesus (v41-42). In Sy gebed dank Hy die Vader dat die Vader Hom alreeds verhoor het – dit blyk Hy moes dus al vroeër ook gebid het. Maar Hy herhaal Sy gebed ter wille van die mense wat daar teenwoordig was – Hy wou seker maak almal moet weet dat wat Hy op die punt staan om te doen, doen Hy nie uit eie krag en eie motivering nie, nee, almal wat daar was moes weet Hy gaan optree in harmonie met die wil van die Vader – immers is Hy en die Vader een.

En dan roep Hy uit met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" (v43). En die oorledene het uitgekom. Weliswaar nog toegewikkel in die grafdoeke. Maar die Here Jesus beveel hulle moet hom losmaak,

en laat gaan. Lasarus het uit die dood opgestaan. Dis die sewende en laaste wonderteken in die Johannes-evangelie.

Kom ons probeer begryp wat hier gebeur het: Onthou wie die Here Jesus is – Hy is die Seun van God, Hy is God. Volgens Joh 1:3 het alles deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. Hy was dus in die begin die Skepper van die hemel en die aarde – die Een deur wie die Vader alles geskep het. Joh 1:4 sê in Hom was lewe. Hy het nie net die fisiese skepping geskep nie, Hy het ook elke vorm van lewe geskep. Hy het die skepping goed geskep – ook goed in die sin dat dit gereed was om allerlei vorms van lewe te kon akkommodeer. Hy het selfs die eerste lewende wesens gemaak – die eerste plante en visse en voëls en diere, en ook die eerste mense. Die opdrag aan al hierdie verskillende vorms van lewe was om te vermeerder en die aarde te vul. Dit was ook een van die skeppingsopdragte aan die mens: Vermeerder en vul die aarde! Boonop, as die mens al hulle skeppingsopdragte suksesvol sou uitgevoer het, was daar die vooruitsig van rus. Maar lank voor dit gerealiseer het, is die mens verlei deur die duiwel en het sy rug op God gedraai, en God se opdragte oortree. Hulle het in sonde geval. En God het vooraf al geoordeel: As dit sou gebeur, gaan die mens sterf.

Wat die Here Jesus daardie dag daar in Betanië by die graf van Lasarus beleef het, was die gevolg hiervan: mense sterf as gevolg van God se oordeel na die sondeval. Lasarus, en so ook alle mense, sterf as gevolg van hulle sonde. Ja, die dood is erg. Dit ontstel almal. As iemand sterf, is mense hartseer. Daarom is almal daar by die graf van Lasarus in trane – Martha, Maria, die Jode, selfs die Here Jesus self – immers was Hy ook lief vir Lasarus. Maar, die Here Jesus is meer as net hartseer. Nee, Hy is ontsteld, Hy is hewig ontsteld. Hy beleef selfs 'n heilige woede. Hoekom? Want die doel met die skepping wat Hy gemaak het, was so anders: Die aarde moes gevul wees met lewe, met mense wat lewe. Maar nou sterf almal. En hier staan hulle almal in trane by die graf van Lasarus – en hy was selfs een vir wie die Here Jesus lief was. Dis so anders as wat die Here Jesus sou wou sien. Dit is selfs so anders as wat die Vader wou sien. Maar hierdie situasie het ontstaan a.g.v. die verleiding van die duiwel, a.g.v. die sonde van die mensdom. Ja, Hy voel jammer en bewoë vir die mense vir wie Hy lief is, soos Lasarus en Martha en Maria, maar terselfdertyd is Hy hewig ontsteld oor die effek van die duiwel en die sonde op Sy skepping.

En nou gaan Hy optree. Met Sy optrede gaan Hy 'n punt maak. En, let op, Hy het die saak met Sy Vader bespreek in gebed, en die Vader het Hom verhoor: Hy kan voortgaan met wat Hy nou gaan doen. En dan demonstreer die Here Jesus in Sy optrede waarmee Hy en die Vader besig is, Hy demonstreer in Sy optrede hoe Hulle hierdie vloek wat in die skepping gekom het deur die duiwel en die sondeval gaan aanspreek.

Hy roep met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" Onthou jy die skeppingsgebeure? Daar het die Seun gesê: "Laat daar lig wees", en toe was daar lig. Hy het gespreek, en dit het gebeur. Nou roep Hy: "Lasarus, kom uit!", en toe kom Lasarus uit. Die Here Jesus is nie net die Skepper nie, nee, Hy is ook die Herskepper. Soos wat Hy fisiese lewe geskep het tydens die aanvanklike skepping, so skep Hy ook nou nuwe lewe uit die dood vir die vir wie Hy lief is.

<u>"Ek is die opstanding en die lewe" (Joh 11:23-26)</u>

Lees weer Joh 11:23-26. Hierdie is die bemoediging wat die Here Jesus aan Martha gegee het kort nadat Hy in Betanië aangekom het, voordat Hy Lasarus uit die dood opgewek het. Kom ons kyk nou in meer detail hier na.

Jesus het in v23 vir Martha gesê haar broer sal opstaan. Hierop het Martha geantwoord dat sy weet dat hy op die laaste dag met die opstanding sal opstaan. Die vraag is nou: Watter opstanding het die

Here Jesus in gedagte gehad in vers 23? Lasarus se fisiese opstanding later daardie dag? Of het Hy ook Lasarus se opstanding op die laaste dag in gedagte gehad, soos Martha verstaan het? Ek dink beide:

- Onthou hoe die Here Jesus in vers 4 al gesê het dat Lasarus se siekte nie sal lei tot die dood nie, maar tot die verheerliking van God en van die Seun. Ek glo dit moet ten minste verwys na Lasarus se fisiese opstanding later daardie dag. Lasarus se siekte het tot gevolg gehad dat hy fisies gesterf het, en dit het die geleentheid geskep dat die Here Jesus hom fisies uit die dood kon laat opstaan op die vierde dag na sy begrafnis. Die Here Jesus het van die begin van sy siekte al voorsien Hy gaan hierdie geleentheid gebruik vir 'n wonderteken.
- Maar ons moet ook raaksien dat die wonderteken vooruit gewys het na 'n groter en heerliker waarheid: Die Here Jesus sal ook almal wat in Hom glo en vir wie Hy lief is, soos Hy vir Lasarus was, op die laaste dag opwek – soos wat Martha verstaan het uit die Here Jesus se woorde.

In vers 25 sê die Here Jesus vervolgens: "Ek is die opstanding en die lewe". Hierdie is die vyfde "Ek is"-uitspraak van die Here Jesus in die Johannes evangelie. Die voriges was: "Ek is die brood van die lewe", "Ek is die lig vir die wêreld", "Ek is die deur vir die skape" en "Ek is die goeie Herder". En nou: "Ek is die opstanding en die lewe". Let nou op die volgende:

- Ons het in Joh 1:4 al gelees: "In Hom was lewe."
- Ons het in Joh 6:51 al gelees: "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef"
- Ons het in Joh 4:14 al gelees dat Hy vir die Samaritaanse vrou gesê het: "Die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel tot die ewige lewe"
- Ons het in Joh 10:10-11 al gelees dat Hy die goeie Herder is wat aan Sy skape die lewe kan gee, en dit in oorvloed.

Die punt wat ek probeer maak, is dat ons al herhaalde male in die Johannes-evangelie geleer het dat die Here Jesus die bron van lewe is – en spesifiek dan die bron van ewige lewe, en dit in oorvloed. Daarom is dit nie onverwags as Hy hier in Joh 11 sê "Ek is die lewe" nie. En tog gaan alle mense dood – selfs mense soos Lasarus, wat vir die Here Jesus lief was, en vir wie die Here Jesus lief was. Hoe klop dit? Hulle gaan lewe, selfs vir ewig lewe, maar hulle gaan tog ook almal dood. In hierdie vyfde "Ek Is"-uitspraak verduidelik die Here Jesus dit: "Ek is die opstanding en die lewe". Soos ek sopas gesê het: Ons is sekerlik nie meer verbaas om te lees dat Hy sê "Ek is die lewe" nie – dit strook met vorige uitsprake. Maar nou voeg Hy by "Ek is ook die opstanding". Hoe gaan diegene wat die brood van die lewe eet die ewige lewe ontvang, selfs al sterf hulle? Want die Here Jesus is die opstanding. Hoe gaan diegene wat die lewende water drink die ewige lewe ontvang, selfs al sterf hulle? Want die Here Jesus is die opstanding. Trouens, Hy is die opstanding en die lewe.

In die res van vers 25 en 26 verduidelik die Here Jesus dit:

- In vers 25 sê Hy: "Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf". Dit is tog presies wat met Lasarus gebeur het: Hy het in die Here Jesus geglo. En toe sterf hy. Maar toe wek die Here Jesus hom op uit die dood – want, sien die Here Jesus is ook die opstanding. En die gevolg was: Lasarus het geleef, selfs al het hy gesterf. Die Here Jesus was vir Lasarus die bron van sy opstanding uit die dood, asook die bron van lewe.
- In vers 26 gaan die Here Jesus verder en sê: "Elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie". Natuurlik is dit ook waar van Lasarus. Hy het in die Here Jesus geglo, en

daarom sal hy ook die ewige lewe ontvang, want niemand sal hom ooit uit die hand van die Seun of die hand van die Vader ruk nie. Lasarus sal nooit die tweede dood sterf nie.

Maar, sou jy nou kon vra: Hoe is dit moontlik dat die Here Jesus die opstanding en die lewe is vir die wat in Hom glo? Wel, kort na hierdie gebeure, sou die Here Jesus self ook sterf – aan die kruis.

- Daar het Hy die straf van God oor elke sonde van elkeen wat in Hom glo, gedra. Hy is daar geoffer as 'n eenmalige offer vir hulle sondes. Sodoende was Hy die ware Hoëpriester wat Homself as eenmalige en voldoende offer gebring het. Met die bring van die offer, het dit Sy lewe gekos, en Hy het gesterf – want die vloek wat die Here God oor die sonde uitgespreek het, was die dood. Maar: Hy het op die derde dag weer opgestaan uit die dood, en so het Hy die dood oorwin. Daarom is Hy die opstanding en die lewe.
- Maar Hy het ook aan die kruis gehang as Koning. Hy het daar met die duiwel, wat die oorsprong van die sonde was, gestoei, en Hom oorwin. Daarom kan die duiwel nie weer diegene wat die Here Jesus in Sy hand hou, afrokkel nie. Daarom is die Here Jesus nie net die bron van lewe nie, nee, Hy is ook die bron van ewige lewe. Die duiwel is oorwin, en niemand kan Sy skape voortaan uit Sy hand ruk nie.

Ek sluit af: Kom ons som op en probeer verstaan wat dit prakties vir ons as gelowiges beteken:

- Kan gelowiges nou al in hierdie lewe seker wees dat hulle die ewige lewe sal ontvang? Ja, want as hulle in die Here Jesus glo, het hulle die brood van die lewe geëet en het hulle die lewende water gedrink. Hulle sal nie weer honger word nie, en die lewende water sal 'n fontein in hulle word wat opborrel – tot die ewige lewe.
- Gaan gelowiges steeds fisies sterf? Gaan daar steeds hartseer wees wanneer hulle sterf? Ja, hulle gaan, soos Lasarus, steeds fisies sterf. Ja, daar gaan steeds hartseer wees. Maar ons treur nie soos hulle wat nie hoop het nie. Nee, gelowiges en hulle geliefdes kan weet: die Here Jesus is die opstanding en die lewe. Wie in Hom glo, sal leef, al het hy ook gesterf.
- Maar gaan gelowiges opstaan, soos wat Lasarus opgestaan het? Ja, aan die einde van die tyd gaan die Here Jesus kom. En soos wat ons lees die Here Jesus met 'n harde stem uitgeroep het: "Lasarus, kom uit!", so lees ons in 1 Tes 4:16 "Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan".
- Moet gelowiges die komende oordeelsdag vrees? Nee, want die Here Jesus het gesê elkeen wat in Hom glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie. Immers het Hy reeds die straf op hulle sonde gedra. Hy is die opstanding en die lewe.